UITGAWE 12 | JAARGANG 22 | 2 AUGUSTUS 2024

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

## KONINKRYKSTYD

NG Kerk Vrystaat

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
**Teologiese Opleiding** | *So dominee, só gemeente ... (Of, so gemeente, só die dominee?)*

## 06 ARTIKELS

- **BEDIENINGSBEGELEIDING**

**Winter-leraarsretreat** | *Geestelike dissiplines en die eise van die bediening*

- **VENNOTE IN GETUIENIS**

**Sendingkonferensie** | *'n Venster op God se wêreld - Hoe lyk die wêreldlandskap vandag?*

- **VENNOTE IN GETUIENIS**

**Getuienisaksies: Kopanong Bediening** | *Yzerfontein Beach Experience*

- **VENNOTE IN GETUIENIS**

**Werkgroep vir Islam** | *Benut Moslems se idee dat die Koran 'n ewigheids-dimensie het*

- **DIENS VAN BARMHARTIGHEID**

**WinterHoop-projek** | *HOOP in die WINTER*

- **ALGEMEEN**

**Tilana Meyer-Morkel** | *Adrian Swart - "Hy het dit gemaak - ten spyte van ons!"*

07 | **Deur die oë van 'n vroueskrywer** - *'n Diepduik in kuns, krag en vrouwees*

## 09 VERBI DIVINI MINISTER

**EREDIENS NETWERK**
**Janke Hurter** | *Speel saam: 'n Voorspel?*

## 10 CLARENS HERMITAGE

**LEIERSKAP Netwerk** | *Bespreek vandag!*

## 11 DIS 'N RING-DING

**Ring van Welkom** | *Koud maar tog te lekker*

## 13 UIT DIE FAKULTEIT

**FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE (UV)**
**Nina Müller van Velden** | *Thursdays in Black*

## 14 MEDIATEEK

**BOEK EN INVENTARIS**
**Siegfried Louw, Tinus van Zyl & Marileen Steyn** | Aardewurm, Tydboom en die Springmat

## 15 EKOLOGIE

**Vrouemaand** | *Beplan 'n meer eko-vriendelike klerekas*

## 16 VERJAARSDAE

## 17 AKTUEEL ALGEMEEN

17 | eLeer-kursus: *Joernalistieke beginsels*
18 | Advertensies
20 | *Ontmoeting met Heiliges:* Bernardus van Clairvaux

## 21 OPLEIDING

## 23 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 24 WAT'S NUUS? KALENDER VAKATURES AFLOSLERAARS

## 25 'N LAASTE GEDAGTE

**Magdaleen du Toit** | *Vrouemaand: Bly droom! Die Here hy ês.*

## 26 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Unsplash
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Jan Lubbe | Magdaleen du Toit
Mariëtte Odendaal | Marlou Strydom | Enrico Casaleggio
Celicia McLean | Janke Hurter
Nina Müller van Velden
*VrydagNuus*, Kaapkerk
*Bybel-Media* | *CLF* | *Kerkbode*
*Bybelgenootskap SA* | *TOIBO*

---

# KONINKRYKSTYD

'n Tyd waar ons fokus op die heerskappy en vestiging van God se koninkryk hier op aarde.

**Fil 1:27** | *Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie ...*

# DAGBOEK DÍT

**Ringskommissie werkswinkel & VBO vir Predikante**
*Neem, lees ...*
*Die Bybel, koerant & natuur*
2- 4 Sept | Moolmanshoek

# VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 16 Augustus**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


BYDRAES EN NAVRAE
cmclean@ngkvs.co.za

## CELICIA MCLEAN


ngkerkvrystaat.co.za






*Foto (deur Carlie Niehaus):* ***Dagbestuur van die Kuratorium***

# So dominee, só gemeente ...

## *(Of, so gemeente, só die dominee?)*

*Deur ds Jan Lubbe*

Dis 'n kouerige Maandagoggend in Julie. Deur die groot vensters van die raadsaal by die Sinodale Kerkkantoor in Van Heerdenstraat skyn 'n welkome wintersonnetjie. Die vergadering van die Kuratorium se dagbestuur begin met 'n kwaai WhatsApp: "Miskien moet jy weer Hosea 4 gaan lees en oordink, om die verval van die priesterdom in daardie tye te besef. Wat sê dit vir ons vandag?" So, ons open met Hosea 4, daardie hoofstuk uit die profeteboek met die bekende klag (en wat so dikwels misbruik word): *"My volk kom om weens 'n gebrek aan kennis"* (4:6). Eindgerigswoorde. In 722 v.C. hét Samaria en Israel in die hande van die Assiriërs geval en as koninkryk uit die geskiedenis verdwyn. *"Dit is die woord van die Here aan Hosea"* (1:1, 2), begin die vreemde gelykenis oor die profeet en die prostituut. Vanaf Hosea 4 begin die uitleg van die gelykenis: Waar het dit skeefgeloop in dié verhouding tussen Israel en God?

Die land verdor, diere kwyn, bloed vloei, bedrog gedy, liefdestrou is weg, die Here voer 'n "regsaak" (4:1-3). En wie is die eerste beskuldigde? *"Dit is jou mense met wie Ek eintlik 'n stryd voer, priester"* (4:4). Profete struikel. *"Omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp"* (4:6).

"Hoe gaan dit met ons dominees?", hang die vraag in ons vergadering.

Ds Peet Louw van Riebeekstad en voorsitter van die Steunspan Diverse Opleiding, wys daarop dat dié "kennis" (4:2, 6, 5:4, 6:6 – הַדַּעַת ; *jada*) nie oor 'n kurrikulum gaan nie, maar oor 'n lewende, hegte en intiem-persoonlike verhouding met God. Dit is "kennis van God", verwoord in die "wet van God", sigbaar in 'n nederig-dankbare wandel met Hom, 'n deel in Sy troue sorg en 'n deernisvolle leef met ander mense. Jy het dít "vergeet", is die aanklag.

**Lees meer »**

NG Kerk
Vrystaat

*Lig in die duisternis, hier vir God, mekaar en die wêreld*

# BUITENGEWONE SINODESITTING 2024

**KOPANO NOKENG** | BLOEMFONTEIN

**REGISTREER HIER** »

**3 Oktober 2024**



mission ミッション missie
JAPAN

**GEDRING DEUR CHRISTUS SE LIEFDE OM BRUGBOUERS TE WEES IN JAPAN**

www.missiejapan.co.za

# NG Kerk Vrystaat verwelkom Missie Japan in Suid Afrika 24 Mei 2024 - 7 September 2024

## 'n Woord van Dank
感謝の一言

Missie Japan is 'n vrywillige geloofsaksie en die werk in Japan bly ten volle afhanklik van jou ondersteuning. Ons waardeer opreg elkeen se gebede, meelewing en betrokkenheid by ons.

**Ons verkondig nie onsself nie maar, Jesus Christus as die Here, en onsself as julle dienaars ter wille van Jesus"**

2 Korintiërs 4:5

## Missie Japan Bankbesonderhede
ミッション・ジャパンの銀行口座

**Rekeningnaam | Missie Japan**
**Bank | ABSA**
**Takkode | 632005**
**Rekeningnommer | 4049690248**
**Verwysing | Eie Naam en Van**

## Kontak ons Medewerkers
宣教師へのお問い合わせ

**Stéphan**
jsvdwatt@gmail.com
**Carina**
cvdwatt@gmail.com

**Tobie**
tobiedewet@hotmail.com
**Annalie**
annaliedewet1@gmail.com

mission ミッション missie
JAPAN

www.missiejapan.co.za

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE | ALGEMEEN

BEDIENINGS-BEGELEIDING



Magdaleen du Toit

Winter-leraars*retreat*

**Geestelike dissiplines en die eise van die bediening** »

VENNOTE IN GETUIENIS



Mariëtte Odendaal

Sendingkonferensie

***'n Venster op God se wêreld*** **- Hoe lyk die wêreldland-skap vandag?** »

VENNOTE IN GETUIENIS



Marlou Strydom

Getuienisaksies Kopanong Bediening

***Yzerfontein Beach Experience*** »

VENNOTE IN GETUIENIS



Dr Enrico Casaleggio

Werkgroep vir Islam

**Benut Moslems se idee dat die Koran 'n ewigheids-dimensie het** »

DIENS VAN BARMHARTIGHEID



Mariëtte Odendaal

WinterHoop-projek

*Gee Hoop, Gee Warmte*

**HOOP in die WINTER** »

ALGEMEEN



Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk

Tilana Meyer-Morkel

**Adrian Swart - "Hy het dit gemaak - ten spyte van ons!"** »

## Deur die oë van 'n *vroueskrywer*

# *'n Diepduik in kuns, krag en* **vrouwees**

***Deur** Celicia McLean*

Vrouedag word in Suid-Afrika op 9 Augustus gevier en het 'n diepgaande en veelvlakkige betekenis vir alle vroue. Dit is 'n simboliese dag wat die krag, moed en veerkragtigheid van vroue beklemtoon en elke vrou se uniekheid, diversiteit en vrouwees in die samelewing vier.

Die perspektief van vroueskrywers bied unieke insigte in die ervaring van vrouwees, die krag van vroue en die kreatiewe uitdrukking deur kuns. Ons het gaan inloer by Mariëtte Odendaal, mediadiensverskaffer aan die NG Kerk Vrystaat en vroueskrywer vir *Vrypos*.

### Mariëtte, hoe definieer jy vrouwees en die vreugdes daarvan in jou persoonlike en professionele lewe?

"Vrouwees beteken vir my om ruimtes met 'n gesellige atmosfeer en sag-op-die-oog-omgewings te skep; plekke waar veilige hartsgesprekke kan plaasvind. Die mense naaste aan jou moet weet dat hulle altyd in hierdie sagte en deernisvolle ruimtes welkom is.

"Dit was vir my nog altyd iets besonders om 'n vrou te kan wees – veral met die geboorte en grootmaak van ons drie kinders; om so intens bewus te kon wees van die ontstaan van lewe, die handevat en begeleiding van so 'n kind tot volwassenheid.

Lees meer »



*Foto: Mariëtte Odendaal*

9 AUGUSTUS

# Gelukkige VROUEDAG



2024

## *KOLOSSENSE 3:12-21 AFR53*

*"Daarom, omdat julle God se uitverkore heiliges en geliefdes is, beklee julleself met innige meelewing, goedheid, nederigheid, sagmoedigheid en geduld."*



# SPEEL SAAM: 'n Voorspel?

*Deur* ***ds Janke Hurter****, Erediens Netwerk*

Dis Vrouemaand. Alhoewel mens hier sou kon kyk na Bybeltekste wat na vroue verwys, of eietydse uitdagings wat vroue-liturge beleef, is hierdie skryfstuk geïnspireer deur 'n vrou wat die afgelope maand 'n indruk op my gelaat het. Ek dink vir 'n oomblik terug aan Saterdag, 20 Julie toe talle rugbyliefhebbers, met die wedstryd in Bloemfontein tussen die Springbokke en Portugal, gesien het hoe die eerste vroueskeidsregter, Hollie Davidson, in 'n Springboktoets blaas.

Alhoewel die liturgie van 'n sportwedstryd ook die liturgie waaraan ons op 'n Sondag in die erediens deelneem reflekteer, en daar ook in iets soos 'n sportwedstryd liturgiese elemente nagespeur en geïdentifiseer kan word, kan die verband tussen liturgie en 'n sportwedstryd ook in 'n metaforiese sin verstaan word. In sy werk *Dancing with Deity: Re-imagining the beauty of worship* (2018) help Johan Cilliers ons om te sien hoe die beeld van 'n wedstryd, 'n spel, ons kan help om dit wat ons Sondae tydens die erediens doen, verder te verstaan.

Vir Cillilers (110) kan die ontmoetingsgebeure tussen God en sy gemeente wat op Sondag tydens die erediens plaasvind, gesien word as 'n spel, 'n soort voorspel. 'n Oomblik waar mens die kans kry om te speel voor God en saam met God. Die verstaan van die erediens as 'n soort speelgrond om met en saam met God te speel, is om te leef met die verstaan dat 'n mens nie nodig het om 'n "wenner" te wees om deel te neem nie. Die spanning tussen die "alreeds" en die "nog nie" laat ons toe om die "spel" waaraan ons deelneem tydens die erediens as 'n soort "voorspel" te sien. Ons mag saam deelneem aan die "voorspel" terwyl ons met afwagting wag vir dit wat kom, of eerder die Een wat (weer) kom (120).



***Foto: Ds Janke Hurter*** *(verskaf)*

Lees meer »

# CLARENS HERMITAGE

## LEIERSKAP NETWERK




**Ds Jan Venter** | Leierskap Netwerk

"Clarens se weergalose stilte omvou 'n mens in die nag sodat die dag se ervarings diep gebêre word en 'n mens se siel kan rus."

**Bespreek »**

| | |
|---|---|
| **11 - 15** | **AUGUSTUS** |
| **22 - 26** | **SEPTEMBER** |
| **20 - 24** | **OKTOBER** |
| **24 - 28** | **NOVEMBER** |

BEDIENINGSBEGELEIDING

# KOUD MAAR TOG TE LEKKER

## RING VAN WELKOM

*Deur* ***ds Philip en Heidi McLaren van NG Gemeente Bedelia, Welkom***




**R** *inge in samewerking met* ***Sinodale Bedieninge***

*"Ons is dankbaar vir finansiële ondersteuning van die Vrystaat Sinode wat dit vir ons moontlik maak om nog sulke kampe vir kinders aan te bied. Voorbidding is ons wagwoord en geloof is ons vertrekpunt, sodat die Here al die eer sal ontvang."*

Jongmense verstaan nie die woord koud as dit kom by kuier en kampeer by ATKV Buffelspoort nie. Die gemeente van NG Bedelia kampeer al vir meer as 10 jaar elke wintervakansie by Buffelspoort. Die skole met al die aktiwiteite maak dit moeilik om, soos in die verlede, die jaar met 'n jeugkamp te begin. Hier waar ons in die koue Vrystaat bly, het ons besluit om soos swaeltjies op trek te gaan en by die warm waters van die noorde te gaan kuier. Hierdie jeugkampe het dit met die hulp van die Vrystaat Sinode dit moontlik gemaak om wyer as net die gemeente te betrek.

Jongmense in die omgewing en in die Ring van Welkom het 2023 die kuier by Buffelspoort meegemaak. Hierdie kuier is seker een van die hoogtepunte in die jongmense se lewe.

Ons is gelukkig om met Heidi McLaren, jeugwerker van die Vrystaat en Coba Swart, maatskaplike werker van Welkom, die kampe aan te bied. Ds Philip McLaren hanteer ook die belydenisgroep met persoonlike aandag en geloofsdeling wat hulle voorberei vir hul belydenisaflegging in hul gemeentes.

Die kamp word gewoonlik met 'n aktuele kamptema aangebied wat relevant is in die tyd waarin jongmense hulle bevind. In 2023 was ons tema "Om te lewe is vir my Christus" wat verhoudinge in gesinne en die jongmenslewe insluit. Hierdie jaar, 2024, se tema leer ons om emosies te hanteer. Die oord bied vir ons die nodige geriewe om in 'n saal te kuier waar ons kan sing en lesings aanbied.

**Lees meer** »

**Ringskommissie werkswinkel**
VBO VIR PREDIKANTE

VBO
TAAKSPAN

# neem lees

## 2 tot 4
## September 2024

**Moolmanshoek** Rosendal-distrik

**BESPREEK VERBLYF** *voor 8 Augustus*
@ **kuratorium@ngkvs.co.za**

RSVP

**NAVRAE**

**Ds Cobus Hamman** @ hamman@schoolink.co.za





Aanbieders

LINDIE KOORTS

FANIE CRONJÉ

Koerant • Natuur • Bybel




**Dr Nina Müller van Velden**
*Departement Ou- en Nuwe Testament, UV*

## 'n Christelike getuienis teen geslagsgebaseerde geweld

Elke Donderdag, regoor die wêreld, is daar Christene wat doelbewus kies om swart uitrustings te dra. Dikwels ook met 'n aansteek-knopie waarop die woorde "Thursdays in Black – Towards a world without rape and violence" verskyn. Ook in Suid-Afrika neem Christene uit verskeie kerkverbande hieraan deel, en onlangs het hierdie weeklikse ritme aan die Fakulteit van Teologie en Religie, Universiteit van die Vrystaat, posgevat.

Vanwaar hierdie gebruik? Vanaf 1988 tot 1998 het die Wêreldraad van Kerke (WRK) 'n dekade-lange fokus gehad met die tema "Decade of Churches in Solidarity with Women".

Gedurende hierdie tien jaar het die verhale van verkragting as oorlogswapen, gender-ongeregtigheid, mishandeling, geweld en die tragiese nadraai van hierdie tipe geweld, toenemend sigbaar geword. In dieselfde asem was dit ook die veerkragtigheid van vroue, hul agentskap en pogings om hierdie vorme van geweldpleging te weerstaan, wat te voorskyn gekom het.

Vandaar het die beweging **"Thursdays in Black"** ontstaan, met die uitnodiging aan kerkverbande en lidmate van kerke wat deel is van die WRK om elke Donderdag swart te dra; enersyds as simbool van rou oor die voortgesette geweld teen meisies en vroue, andersyds as simbool van weerstand en die hoop op 'n wêreld waar verkragting en geweld nie die oorhand het nie. Op 'n eenvoudige manier word die stilte oor verkragting en geweld verbreek, en word getuienis gelewer deur gelowiges wat in solidariteit met slagoffers en oorlewendes van geslagsgebaseerde geweld staan.

Op Woensdag 13 Maart is die "Thursdays in Black" beweging tydens Coram Deo, die weeklikse spiritualiteit-sessie van die Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van die Vrystaat, geloods. Dit het plaasgevind aan die hand van 'n liturgie van klag, verootmoediging, voorbidding en Woordverkondiging oor die verkragting van Tamar (2 Samuel 13:1-22) – 'n verhaal wat alte bekend klink, ook vir lesers vandag.

Augustusmaand is Vrouemaand, en juis weer 'n geleentheid vir gelowiges en gemeentes om hul stem as getuienis teen die wreedheid en onmenslikheid van geslagsgebaseerde geweld te laat hoor.

**Lees meer »**

# Aardewurm, Tydboom en die Springmat

*'n Reis deur tyd en ruimte op soek na geloof, hoop en liefde*

(**Skrywers**)
**Siegfried Louw, Tinus van Zyl & Marileen Steyn**
*AFRIKAANS / KINDERPRODUKTE, KATEGETE*

*Fia is 'n intelligente, nuuskierige meisie op soek na sekerheid in 'n onseker wêreld. Johan is 'n avontuurlustige seun op soek na sy plek en doel in die lewe. Hulle ontmoet vir Aardewurm, 'n oranje wurm met pienk oë wat kan praat en met sy Tydboom deur tyd en ruimte kan reis. Aardewurm het ook 'n Springmat, maar hy het sy Springmat se vere ("springs") verloor omdat hy baie bekommerd begin raak het oor die toekoms. Saam gaan hierdie drie avontuursoekers op reis deur die verhale van die Bybel, op soek na Springmat se sewe vere ... én na geloof, hoop en liefde.* ***Aardewurm, Tydboom en die Springmat*** *is spesiaal vir kinders van 9-12 jaar oud geskryf met die doel om spontane gesprekke oor geloof los te maak. Diep geloofsvrae, waarmee jonk en oud worstel, word op 'n verstaanbare, opwindende en humoristiese manier aangepak.* ***Aardewurm, Tydboom en die Springmat*** *is geïnspireer deur Andries Cilliers se boek* ***Onder die blaredak: Verwonderd oor die gawe om te kan glo.*** *Lesers wat wonder of geloof ooit sin maak, of wat hulle wil verwonder oor die lewe en liefde wat ons deur geloof ontdek, of wat dieper wil dink oor hulle geloof, kan gerus ook hierdie boek lees. Só kan verskillende generasies saam verwonderd staan oor God en geloof.*







BM Bybel-Media
*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**




# Vrouemaand

## *Beplan 'n meer eko-vriendelike klerekas*

*Deur* ***Mariëtte Odendaal***

**Augustus is Vrouemaand** en bied aan ons as vroue 'n gulde geleentheid om 'n lewensveranderende impak op ons samelewing en veral ons huishoudings te maak. As navolgers van Christus is dit belangrik om oral waar moontlik, die gesindheid van 'n eko-vriendelike lewenswyse prakties uit te leef. As vroue is ons dikwels nie net die beplanner en aankoper van ons eie klerekas nie, maar ook dié van ons gesin. Hierdie week fokus ons op die verantwoordelike aankoop van nuwe klere. Voordat jy weer klerewinkels toe gaan, vra jouself die volgende af: Sal ek hierdie kledingstuk meer as dertig keer dra? Kan ek dalk soortgelyke klere by 'n goeie tweedehandse winkel koop? (Leerprodukte en jeans is byvoorbeeld goeie keuses.)

Lees gerus meer hiervan en oor nog ander wenke HIERONDER.

**Better Goods** | **Lees hier** »

# VERJAARSDAE



VEELS *geluk*

NG Kerk Vrystaat

## AUGUSTUS

**05** Mev Anelia van den Blink
SINODALE KERKKANTOOR

**10** Ds Jan Venter
GARDENIAPARK

**10** Ds Francois van Tonder
PARYS-OOS

**11** Dr Johan Kruger
BOTHAVILLE-NOORD

**12** Dr Nico Dicks
VENTERSBURG

**14** Ds Hannes du Plessis
UNIVERSITAS-WES

**WENSE VAN VOORSPOED, GOD SE SEËNINGE EN GENADE VIR DIE NUWE LEWENSJAAR**






**REGISTREER »**




Die Algemene Sinode bied 'n kursus aan om gemeentes te help om hulle kommunikasie op te skerp. Kom verryk jou kennis deur saam met bekroonde joernaliste en kunsmatige intelligensie-kenners, **Jana Marx** en **Carla Lewis** te leer hoe om jou nuusbrief na nog hoër hoogtes te neem. Die aanlyn kursus kombineer beproefde joernalistieke tegnieke met die nuutste KI-praktyke om boeiende inhoud vir jou spesifieke gehoor te skep. Ná afloop van die eLeer-kursus sal deelnemers hul nuusbriewe vinniger kan saamstel en verbeterde inhoud skep deur basiese joernalistieke beginsels toe te pas en KI-hulpmiddels as redaksionele assistente te benut.

**Lees meer »**









Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »

# EK HET 'N NAAM

## VROUEMAAND

KAAPKERK

Vrouemaand skop hierdie jaar af op 'n Donderdag.

Op Donderdae dra ons swart vir Thursdays in Black waar ons in solidariteit opstaan in protes vir geen geweld teen vroue en kinders.

Ken jy haar naam?
Die vrou wat elke aand geslaan word deur haar man?

Ken jy haar naam?
Die meisie wat te bang is om skool te loop, want sy was al op pad verkrag?

Ken jy haar naam?
Die ongeveer 3000 vroue in Suid-Afrika wat jaarliks vermoor word?

Ken jy haar naam?
Die vrou wat dae om werk om kos te voorsien aan haar gesin?

Ken jy haar naam?
Die vrou wat in donker op 'n taxi moet klim om na ander se kinders te kyk?

Ken jy haar naam?
Die dogter wat veg om 'n beter toekoms vir haar familie te bou?

Ken jy haar naam?
Die vrou wat steeds aanhou glo, praat, opstaan, veg, trane afvee...

**Want sy het 'n naam.**

Reis Augustus maand saam met die Gendergeregtigheid Taakspan op ons sosiale media platforms waar ons gaan kyk na wie is hierdie naamlose vroue.

**Gendergeregtigheid Taakspan**

**Scan**

# *Ontmoeting met* *Heiliges* »

## Bernardus van Clairvaux



***Foto*** *(Kerkbode): Dr Lisel Joubert, aanbieder.*




Soos in ons vorige *Vrypos*-uitgawe oor die *Ontmoeting met die Heiliges*-reeks genoem, het dr Lisel Joubert, verbonde aan die Departement Sistematiese Teologie en Ekklesiologie van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch, op Donderdag 18 Julie die derde aflewering in dié reeks via Microsoft Teams aangebied.

Hierdie keer het dit gegaan oor Bernardus van Clairvaux. Hy is gebore uit 'n adellike familie in Boergondië, Frankryk, as die derde van sewe kinders, en sluit op 20-jarige ouderdom aan by die klooster van Cîteaux. Op 25-jarige ouderdom word hy versoek om 'n klooster by Clairvaux te begin. Met sy dood in 1153 het hy alreeds 70 gemeenskappe tot stand gebring en 164 geaffilieerde kloosters gestig. Dié mensliewende priester het veral die belangrikheid van elkeen se Christelike roeping en ook die monastiese roeping om dit uit te leef, beklemtoon.


## *Aanbieding* Bernardus van Clairvaux

Kyk gerus na hierdie baie besondere aanbieding oor sy lewe en die betekenis daarvan **HIER**.

*Predikante, indien jy die aanbieding gekyk het, stuur 'n e-pos aan Bridget Leibbrandt (**bleibbrandt@sun.ac.za**) sodat VBO-punte vir jou gelaai kan word.*



# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




## SURRENDER: 'N TEOLOGIESE KYK NA U2-MUSIEK

6 - 7 Augustus

Video - Klik hier

Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit

Lees meer +
**Registreer** +





## EMOSIONEEL VERWONDE PA'S EN HUL KINDERS

20 Augustus

5 VBO-punte

Zoom aanbieding Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +





## GELOOFS-VORMING IN ONS GEMEENTES

26 Aug & 2 Sept

20 VBO-punte

Aanlyn webinaar Fasiliteerder Dr Tom Smith

Lees meer +
**Registreer** +




## LENTE-KONFERENSIE 2024

17 - 19 September

30 VBO-punte

*Lig soos 'n veer op die Asem van God ...*

Lees meer +
**Registreer** +

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




## BEDIENINGS-DIAGNOSE WERKSWINKEL

4 - 6 November

20 VBO-punte

Sluit: 25 Oktober
Kursusleier
Prof Malan Nel

Lees meer +
**Registreer** +




## BRUGBEDIENING UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

4 - 7 November

70 VBO-punte

Week 1
Kursusleier
Prof Malan Nel

Lees meer +
**Registreer** +



## JAARKURSUS KINDERS EN JONGMENSE

Pastorale Sorg

55 VBO-punte

Aanlyn kursus
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +




## EXCELSUS JAARPROGRAM 2024

2024

VBO-punte

Teken die verskillende kursusse aan

Teken aan +
**VBO-profiel** +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE



**Nuusbrief**

*Missie Japan*

**Publikasie**

*Gedoop met die Gees van Christus*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

**Publikasie**

*Die heiligheid van hier*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

ELDERS GESIEN

**'Uitreik is ook 'n inreik' – hoor leraar op Makhathini**

*Kerkbode / 1 Augustus 2024 / Flits*
*VrydagNuus, Kaapkerk*

**Krotoa word met kunswerk vereer by gemeente waar sy gedoop is**

*Kerkbode / 29 Julie 2024 / Nuus*
*Le Roux Schoeman*

***'An unforgetable experience' – Reformed Church in Zambia of 1 million + members celebrates 125 years***

*Kerkbode / 23 Julie 2024 / Nuus uit die buiteland*
*Mariëtte Odendaal*

ELDERS GESIEN

**Gerdrie van der Merwe sterk aan ná groot hartoperasie**

*Kerkbode / 22 Julie 2024 / Nuus / Jens Friis*

**Kerkmusiek: Kurrikulum wink vir die NG Kerk | Doret Niemandt gesels met Riaan Steyn**

*Kerkbode / 22 Julie 2024 / Artikels*
*Doret Niemandt*

**Fondsinsameling vir dokkie ter viering van Kerkbode se 175ste jaar**

*Kerkbode / 19 Julie 2024 / Redakteursbrief*
*Le Roux Schoeman*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NUUT

## GEMEENTEGEBEURE

**Kalender** | Belangrike datums

2 0 2 4

**ADVERTEER AANLYN** HIER
of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

www.ngkerkvrystaat.co.za

NUUT

## VAKATURES

NG Kerk Vrystaat

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

## VAKATURES

kerkbode

woes@mweb.co.za | **023 342 6030**

## AFLOS

NG Kerk

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**



NG Kerk Vrystaat

## VAKATURE

ONTVANGS- EN ADMINISTRATIEWE BEAMPTE

*'n Vakature bestaan by die NG Kerk Vrystaat vir 'n dinamiese en toegewyde persoon vir ontvangs- en administratiewe take.*

- **Tipe aanstelling** | Permanent, na 'n suksesvolle drie maande proeftydperk
- **Vergoeding** | Markverwant
- **Sluitingsdatum vir aansoeke** | 16 Aug 2024
- **Diensaanvaarding** | So gou moontlik

# *Vrouemaand*
# **Bly droom!** Die Here hy ês.

***Deur Magdaleen du Toit,***
*Sameroeper van die Spiritualiteit Netwerk en aanbieder by vanjaar se Vrystaatse Vroueretreat*



**Foto:** *Magdaleen du Toit (verskaf)*

5 ***Toe sê Hy wat op die troon sit: "Kyk, ek maak alles nuut."***

- Openbaring 21:5 AFR83

In die vorige uitgawe van *Vrypos* het dr Leon M Foot se 'laaste gedagte' gehandel oor slaap – hoe slaap ek? Kommervry – of lê ek en rondrol met my 'kleine kommer' (Liedboek 203)?

En droom? Wat droom ek? Angswekkende nagmerries was deel van my kindertydse droomlandskap, maar dankie tog, deesdae – eintlik jare al – is nagmerries nie meer nagteliks my lot nie.

> *"Maar ons moet daagliks bly delf, dieper en dieper, om God se waarheid te ontdek en daaroor te bly droom."*

Maar dis nie so maklik om dieselfde te sê van ons wakker staat nie. Watter nagmerries speel in en om ons lewens af? Hoe kan ons bly droom en hoop te midde van alles wat ons daagliks sien, hoor en beleef?

Augustus is Vrouemaand – wat droom ons as vroue vir onsself, vir mekaar, vir ons gesinne en familie, vir ons gemeenskappe, vir ons kerk, vir ons land, vir die onderstebo wêreld waarin ons ons bevind? Hou ons op droom en hoop as ons deur magteloosheid oorval en oorweldig word? Dis realisties om te vra: Het dit enigsins nog sin om drome te koester? Kyk hoe lyk ons wêreld: Oorlog en bloedige geweld; politieke magspeletjies; korrupsie; kleinlike bekgevegte; misdaad; werkloosheid; kinders wat koud en honger, verwaarloos en uitsigloos grootword; nuwe sinkkaias wat oornag soos masels teen heuwelhange uitslaan; ons planeet wat besig is om te oorverhit; oseane vol plastiek; oorstromings wat als platvee en meesleur; inferno's wat buite beheer brand ...

Die tema van ons Vrystaatse Vroueretreat van 9 tot 11 Augustus is 'Deel van God se Storie'. Ons verstaan nie altyd God se storie nie, nog minder hoe ons deel daarvan uitmaak. Maar ons moet daagliks bly delf, dieper en dieper, om God se waarheid te ontdek en daaroor te bly droom. Wat droom God vir ons? Wat hoop God vir ons – te midde van ons oorweldigende realiteit?

Lees meer »



# KONTAK ONS

REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2024 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG KERK VRYSTAAT | © 2024

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING